## 29 Maart - ENGELE

**Skrifgedeelte: Genesis 28:10-22**
**Fokusgedeelte: Genesis 28:12**

Die Bybel skenk meer aandag aan die *diens* as die wese van engele. Daarom kan mens vra: Waarom engele?

Die ontkenning van die bestaan van engele (Sadduseërs en modernisme) is ou nuus. Ons aanvaar die Woord wat hierdie geestelike wesens openbaar. Ons aanvaar ook dat daar 'n sondeval onder die engele plaasgevind het, voor die sondeval op aarde (Gen 1-3; NGB art. 12). Vandaar die bestaan van Satan en die demone.

Die engele, soos die res van die skepping, is daar om God te dien. Hulle tree op in belang van God, sy mense en sy skepping. In ons Skrifgedeelte verskyn hulle in 'n droom aan Jakob. Met die droom verseker God Jakob van sy trou, liefde en beskerming. Daarom is dit opvallend dat die engele *op en af* klim. Die leer staan op die aarde en die punt raak aan die hemel. Die engele begin van onder klim, nie van bo nie. Hulle was dus heeltyd by Jakob om hom op te pas en te begelei (vgl. Ps 91:11, 12; Matt 18: 10).

Hierdie droom en waarheid verkondig nie *beskermengele* nie. Dis nogal 'n wydverspreide geloof dat daar persoonlike beskermengele is. Sommige aanbid selfs 'n "persoonlike engel". Sommige meen dat Matteus 18:10 in hierdie rigting dui.

Die Bybel maak egter die teenoorgestelde bekend. Engele se magte en kragte is maar baie beperk. Daarom sê Psalm 91 dat hulle ons dien op *God se bevel*. God werk deur hulle net soos Hy deur mense wonders en magtige dade doen. Die mens of engel self is en bly 'n stoffie aan die weegskaal.

God is ons enigste Versorger. Soms gebruik Hy engele.

*Sing: Psalm 91: 2 en 6 (1936-beryming)* *Dr NPHeystek (Emeritus)*